

N.G. Gemeente Vaalpark

**Gebedsbulletin no 40**

**1 Oktober 2023**

**Die Wapenrusting van God**

**As volgelinge van Jesus is ons in 'n geestelike stryd teen die magte van die duisternis gewikkel. God het ons in Christus van 'n wapenrusting voorsien om ons toe te rus vir die stryd. Soek julle krag in die Here en in Sy groot mag. Lees gerus weer Ef 6:10-18.**

**Die gordel van waarheid**

Die eerste stuk wapenrusting van God is die gordel van waarheid. Net soos 'n gordel alles bymekaar hou, dien die waarheid as die grondslag van ons geestelike wapenrusting. Dit hou ons gegrond in God se Woord en beskerm ons teen misleiding. Jesus het gesê: "Ek is die Weg en die Waarheid en die Lewe" (Joh 14:6). Wandel in die waarheid. Ons het die Gees van waarheid binne in ons om ons te lei.

**Die borswapen van geregtigheid**

Die borswapen van geregtigheid beskerm ons harte en verteenwoordig die geregtigheid wat deur geloof in Christus kom. Wanneer ons in gehoorsaamheid aan God lewe en Sy geregtigheid soek, word ons harte bewaak teen sonde se vernietigende invloed.

**Die skoene van bereidheid vir die Evangelie van vrede**

Ons geestelike skoene is die bereidheid om die Evangelie van vrede te verkondig. Net soos skoene ons voete beskerm sodat ons met vertroue kan loop, bring die Evangelie van vrede bestendigheid in ons lewens. Dit stel ons in staat om die Goeie Nuus van Jesus Christus te deel en versoening na 'n gebroke wêreld te neem.

**Die skild van die geloof**

In die stryd is 'n skild noodsaaklik vir selfverdediging. Die skild van die geloof beskerm ons teen die vyand se aanvalle. Wanneer ons op God se beloftes vertrou en standvastig is in ons geloof, word die vurige pyle van twyfel en vrees uitgedoof. Neem, hierdie skild op en laat jou geloof in Christusa jou beskerming wees.

**Die helm van verlossing**

Die helm van verlossing bewaar ons gedagtes en beskerm ons teen die vyand se leuens. Dit herinner ons aan ons identiteit as kinders van God en bevestig ons ewige hoop. Verlossing in Christus is ons waarborg van oorwinning in die geestelike stryd.

**Die swaard van die Gees**

Die swaard van die Gees, die Woord van God, is ons aanvalswapen. Net soos 'n soldaat 'n swaard in 'n geveg gebruik, moet ons die Skrif as 'n wapen teen die vyand se aanvalle gebruik. God se Woord is kragtig, skerp en doeltreffend om leuens en versoeking mee te bestry.

**Dankie!**

**Vir die wapenrustig van God wat ons in en deur Christus ontvang het!**

**Gemeente en algemene voorbidding:**

- Vir ons predikante en hulle gesinne.
- Vir ‘n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale
- geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir God se Koninkryk en Sy wil om in SA te geskied.
- Vir die ekonomie, mense wat hulle werk verloor het en werkskepping.
- Dat ons ‘n biddende gemeente sal wees, met ‘n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Kom ons bid met Sy Koninkryksvisie en -misie in ons harte vir ons land. Kom ons belyn ons harte met God se hart.
- Vir ons skoliere en studente wat besig is met eksamens.
- Vir Eskom, water krisisse, onrus en nood in ons land. Vir die brande en vloede in verskeie dele van ons land.

**Gebedsversoeke**

- Lottie Conradie — Frik Blom
- Maria Steyn — Ria Putter
- Oom Sampie Swart — Tannie Martie de Beer
- Jaco Steenkamp — Monty Pienaar
- Tannie Marinda Jordaan — Heleen Lamont
- Louis Strauss — Heinrich Kotzé
- Annika Killian — Sumari Pretorius
- Leonie Kruger — James Vermaak
- Albert Glockzin — Theuns Pelser
- Jillian Jansen — Rudi Kruger
- Willie Britz — Jaap Naude
- Tilly van Huysen — Thalita Prinsloo

**Gedagte vir die week**

**Staan vas. Geklee in Sy waarheid, Sy geregtigheid, Sy vrede, Sy geloof, en Sy verlossing en gewapen met die Woord van God, kan ons met vertroue die geestelike gevegte wat ons teëkom, die hoof bied. Kom ons wandel in die oorwinning wat Christus reeds vir ons behaal het.**

**Stuur Gebedsversoeke aan:**

Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org